



RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

*Mnr. Wally
Janse van
Rensburg*



**GROETE AAN AL DIE
RYNIE HUISGESINNE!**



Die eksamen eindig hierdie week vir die Gr. 4-7 leerders met die laaste vakke wat reeds op Woensdag 10 Junie geskryf is. Na hierdie week is daar nog 2 weke van die kwartaal oor. Die leerders ontvang rapporte op die dag wat die skole sluit vir die wintervakansie naamlik Vrydag 26 Junie 2026. ***Ons wys u net weereens daarop dat daar geen skool op die betrokke dag is nie. Leerders haal slegs rapporte by hulle registerklasse af. Geen rapporte word uitgegee in die voorportaal nie.***



RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD



Vandag en môre sluit die skool om 12:00 vir al die Gr. 1-7 leerders as gevolg van die landloopkaperjolle vandag en die kaskarre wat môre plaasvind. Hierdie is 2 dae waarna die Rynies altyd baie uitsien! Ons moes die landloopkaperjolle skuif ter wille van die leerders se veiligheid aangesien St. Dunstans iets by hulle skool aanhet en die leerders nie op die sypaadje kan hardloop nie as gevolg van motors wat daar parkeer.



Komende naweek is ook 'n langnaweek met Maandag en Dinsdag (15+16 Junie) wat skoolvakansiedae is. Ons hoop die Rynies geniet die welkome langnaweek na die eksamen!!





RYNIENUUS



LAERSKOO RYNFIELD

KOSKAS - DANKIE!!

Ons wil graag vir Suzuki Auto Suid Afrika, The Dischem Foundation en Dischem Farrarmere bedank vir die reuse maandelikse donasie wat hulle aan ons koskasprojek skenk.



VALKIE RUGBY 2026

Die Valkierugby-seisoen het Saterdag 6 Junie tot 'n einde gekom. Van die staanspoor af het die onder 7 en 8 seuns en ouers die bul by die horings gepak!

Baie geluk aan al die seuns wat so hard geoefen het en al die wedstryde hulle harte uitgespeel het. Ek kon sien julle het hierdie seisoen baie hard geoefen, julle beste gegee en dit sommer baie geniet!

Ouers en afrigters, baie geluk met julle kosbare seuns. Baie dankie vir al die laat-middae/aande se oefening en vroeg opstaan op Saterdag om die seuns betyds by die wedstryde te kry. Dankie vir die kalm en mooi manier waarop julle met die seuns gewerk het. Julle is voorwaar staatmakers!





RYNIENUUS

LAERSKOOI RYNFIELD



NETBAL





RYNIENUUS

LAERSKOOI RYNFIELD



RUGBY UITSLAE



RUGBY UITSLAE
2 JUNIE 2026
vs. Laerskool Concordia

O/9 A	O/10 A	O/11 A
19-0	0-5	15-5
L/S RYNFIELD	L/S CONCORDIA	L/S RYNFIELD

TWEDES	EERSTES
0-35	26-12
L/S RYNFIELD	L/S CONCORDIA

RUGBY UITSLAE
2 JUNIE 2026
vs. Laerskool Concordia

O/9 B	O/10 B	O/11 B
22-5	27-5	10-17
L/S RYNFIELD	L/S CONCORDIA	L/S RYNFIELD

DERDES
0-19
L/S RYNFIELD


ALMEGA, JWE, SPECIALISED, KOTZE, plantcor, RENTNET, greenworks, MASTERMOWERS, WAXIT, WILD PATH, Orion Bulk, koo:fi, SUZUKI, megryan, JETOUR

RUGBY UITSLAE
4 JUNIE 2026
vs. Laerskool Jan van Riebeeck

O/9 A	O/10 A	O/11 A
43-7	0-10	10-8
L/S RYNFIELD	L/S JVR	L/S RYNFIELD

TWEDES	EERSTES
5-27	19-26
L/S RYNFIELD	L/S JVR

ALMEGA, JWE, SPECIALISED, KOTZE, plantcor, RENTNET, greenworks, MASTERMOWERS, WAXIT, WILD PATH, Orion Bulk, koo:fi, SUZUKI, megryan, JETOUR





RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

  **Nog net 1 dag voor KASKARDAG 2026!**  

Die opgewondenheid is onbeheerbaar en die spanne is meer as gereed om die dag aan te pak! Dit gons behoorlik in die skool en almal tel die ure af tot môre se groot dag.

As organiseerders wil Juf. Luvaine en Juf. Reene graag uit ons harte **baie dankie sê aan al ons borge en wonderlike ouers** wat van hierdie fondsinsameling 'n reuse sukses gemaak het. Julle ondersteuning, bydraes en betrokkenheid maak 'n verskil wat nie in woorde beskryf kan word nie. Sonder julle sou 'n dag soos hierdie eenvoudig nie moontlik gewees het nie.

Ons sien uit na 'n dag vol opwinding, spanwerk, kreatiwiteit en natuurlik hope pret! Daar sal ook talle stalletjies beskikbaar wees met heerlike eetgoed, verversings en lekker verrassings.

 **Stuur asseblief môre 'n geldjie saam**, sodat jou kind die dag ten volle kan geniet en iets lekkers by die stalletjies kan koop.

Neem asseblief kennis dat alle Kaskar borgvorme aan die skool TERUG besorg moet word. Hierdie dokumente is belangrik vir ons debiteure en audituersrekords.

 Indien 'n borgvorm verlore geraak of per ongeluk weggegooi is, moet 'n verklaring vanaf die polisiestasie ingedien word om te bevestig:

- * dat die vorm verlore is, en
- * waarom dit nie aan die skool terugbesorg kan word nie.

Baie dankie vir elkeen se ondersteuning. Ons sien uit daarna om saam met ons Rynies 'n onvergeetlike Kaskardag 2026 te beleef!

RYNIES IS RATELTAAI!





RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



  **Nog net 1 dag voor KASKARDAG 2026!**  

The image is a collage of 12 promotional posters for various businesses, each featuring a 'STALLETJIES KASKARDAG' (Street Market Carnival Day) banner. The businesses and their offerings are as follows:

- Printworx 3D:** 3D printing services. Visit us at L/S RYNFIELD KASKARDAG. 12 JUNE 2026. Pricing from R15 to R300. Contact: 076 062 0182.
- Spur:** Food menu including Burger (R45), BC Burger (R60), Burger & Chips (R60), Viennas & Chips (R35), Small Chips (R15), Large Chips (R25), Soda's (R18), Water (R15), and Powerade (R20).
- KrumDenn Premium Koekies:** KASKARDAG RYNIES GRAND PRIX. Koekies Halfrys! R30 PER KOEKIE.
- Dinky Donuts:** by RYNFIELD LAERSKOO! KLEIN Donuts, GROOT Pret! RAK MET 12 DONUTS R40. SWEET + KL EURVOL + LEKKER!
- Lekker-Smul:** Dinkel Donuts. 072 648 8888.
- Menu's in Motion:** CHIPS COMBOS. 1 CHICKEN STRIPS & CHIPS, 2 CHEESE GRILLER & CHIPS, 3 SMALL VIENNAS & CHIPS. POTATO ON A STICK. 082 484 3278.
- Sparkling Boba:** BURSTING FLAVOR. ENDLESS FUN! LARGE R50, REGULAR R40. MANY DELICIOUS FLAVORS TO CHOOSE FROM!
- Varesa's:** Handmade plushies. R30 Or R50 for 2, R45, R150, R40, R35, R40.
- TM Tyremart:** EDENVALE. RIGHT TYRES... RIGHT PRICE. QUALITY TYRES. FAST SERVICE! PREMIUM TYRES, BRAKES & DISCS, BATTERIES, WHEEL ALIGNMENT, MAG REPAIRS, NITROGEN FILLING.

KOM BESOEK ONS VRYDAG!

KOM KYK WAT IS **NUUT** OP DIE MARK!



GET THE RIGHT TYRES. GET THE RIGHT PRICE.



BUILT TOUGH. BUILT TO LAST.



SHADE. STYLE. SOLUTIONS.



RAW 4x4 SUSPENSION EQUIPMENT



A five WHEELS





RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

3DE KWARTAAL LEIERPROJEK

IN SAMEWERKING MET DIE GEREFORMEERDE KERK BENONI

LAERSKOOl RYNFIELD



SAAM KAN ONS 'N VERSKIL MAAK

Gereformeerde Kerk Benoni het na ons uitreik. Hulle gaan in 2026 na

BOTSWANA

**6 - 10
AUGUSTUS**



NA DIE DORPE VAN:

- KGOMOKASITWA
- PITSANE

HULLE VRA VIR:



BALLE



SKRYFBEHOEFTE



MUSSIES EN
SERPE

KINDERS/GROOTMENSE



Ons voorsien nie net mussies nie, maar ons leer die vroue ook hoe om mussies en serpe te maak sodat hul dit ruilhandel/ hul verkoop hul hande



Ons voorsien **200 BYBELS** aan die gemeenskappe sowel as om die skole en onderwysers te ondersteun.



DAAR IS ONGEVEER
1000 MENSEN IN
DIE 2 DORPE.



DAAR IS GEEN
LOPENDE WATER OF
ELEKRISITEIT IN DIE
DORPENIE.



DIT IS DIE HELE
JAAR KOUD IN
DIE AREA.

**STUUR ASSEMBLIEF ALLE SKENKINGS NA DIE SKOOL
VOOR 31 JULIE**



RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

PRESTASIE EN PRYSUITDELING

Ons leerders is tans besig om op verskeie Kulturele platforms deel te neem, en ons is só trots op hulle!

Ons versoek dat ouers asseblief 'n sakkie of lêer by die huis sal saamstel met **afskrifte van u kind se sertifikaat/uitslae**. Hou alles netjies bymekaar en volg die nuusbriëf gereeld. In kwartaal 3 sal ons vra dat alle uitslae asseblief na Juf. Coffey gestuur word vir die prysuitdeling. Wanneer alles op een slag ingestuur word en volledig bymekaar is, maak dit ons werk baie makliker en verhoed dit dat iets per ongeluk gemis word of 'n fout insluip.

Baie dankie, ouers, vir julle hulp en samewerking.



CON SPIRITO

Op die 4de Junie het ons kleuters die verhoog betree met hul ongelooflike selfvertrou en talent. Van gediggies, koor en spreekkoor was ouers en beoordeelaars betower en verstom. Baie geluk aan elkeen van ons maats wat so mooi deelgeneem het. Pasop laerskool...hier kom 'n ding!





RYNIENUUS

LAERSKOOl RYNFIELD



PRESTIGE REDENAARS TOERNOOI

Inskrywings het reeds gesluit, maar indien jy as ouer vergeet het om jou kind of span in te skryf, kontak asseblief vir Juf. Coffey. Ons sien uit na die heerlike dag vol talent op eie bodem. kultuurhoof@rynfieldlaer.co.za



KOOR

Neem asseblief kennis van die volgende optredes:

19 Junie by Ridgewood College - slegs Seniorkoor. Die skakel is reeds uit op die Whatsappgroep vir kaartjies.

20 Junie Prestige Optrede by Midstream College is al 3 ons Kore betrokke. Die skakel vir kaartjies sal binnekort uitgestuur word.

Rynfield Koor **Seniorkoor - Ridgewood College Optrede**

Beste ouers en koormaats.

Hiermee die reëlings vir ons optrede by Ridgewood College. Dit is 'n spoggerige geleentheid waar ons leersers geleentheid kry om saam met 'n orkes en massakoor deel te neem. Ons versoek asseblief dat ons leersers stiptelik sal arriveer en die nodige dissipline sal handhaaf op die dag.

Datum: 19 Junie 2026
Venue: 144 President Steyn straat, Rynfield, Benoni.

Program: 14:00 Arriveer
14:30 Soundcheck
15:30 Ontvang kospakkies
16:30 Massakoor soundcheck
18:00 - 20:00 Konsert (Main Hall)

Kleredrag: Formele koordrag (Onderbaadjie)
Dogters hare: 2x Space buns met lint rekkies.

Kaartjieverkope open 8 Junie - link sal op die Whatsapp toep gedeel word.

Rynfield Koor **Prestige Optrede Midstream College**

Beste ouers en koormaats.

Hiermee die reëlings vir ons optrede by Midstream College. Ons skool is genooi om aan hierdie spoggerige geleentheid deel te neem. Ons versoek asseblief dat ons leersers stiptelik sal arriveer en die nodige dissipline sal handhaaf op die dag.

Seniorkoor moet asseblief 'n gesonde kospakkie en water saamneem, aangesien die aand eers laat klaarmaak.

Datum: 20 Junie 2026
Venue: Midstream College, 1 Ashford Straat, Midstream Estate, Olifantsfontein.
Kore: Kleuterkoor, Juniorkoor en Seniorkoor.

Program: 15:15 Arriveer (Junior en Seniorkoor)

16:00-16:15 **Juniorkoor** soundcheck
16:15-16:30 **Seniorkoor** soundcheck
16:30-17:00 **Seniorkoor** massakoor soundcheck
16:30 **Kleuterkoor** arriveer

17:15 - Deure open. Sessie 1
Optredes **Kleuterkoor** en **Juniorkoor**.
Mag slegs pouse (na optrede) verdaag - gehoor mag slegs tydens pouse die saal verlaat.

19:15 - Sessie 2
Optrede **Seniorkoor** en Massakoor
Mag slegs na optrede verdaag.

Kleredrag Kleuterkoor: Kleuterskool hemp
(Mag swart langmouhempie onder kleuterskoolhemp dra)
Blou denim
Tekkies
Dogters hare: 2x Space buns met lint rekkies.

Kleredrag Junior- en Seniorkoor: Formele koordrag (Onderbaadjie)
Dogters hare: 2x Space buns met lint rekkies.

Kaartjieverkope link sal op die Whatsapp toep gedeel word. Daar sal 250 sitplekke per skool, per sessie beskikbaar wees.

Baie dankie aan ons ouers vir u moeite en bystand met ons optredes.

Koorgroete.

Aan elke ouer / gesin wat ons met die projek ondersteun, baie dankie! Sonder julle hulp kan ons nie ander ondersteun in nood nie. Ons kas is bietjie laag op die volgende items:

- Aanrol / Suietgoed
- Skottelgoedseep
- Tandepasta
- Seep
- Melk
- Ontbytpap
- Mielie-meel



Kultuurgroete, Juf. Coffey

Stuur gerus enige navrae na kultuurhoof@rynfieldlaer.co.za



RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

RGT
RYNIES GOT TALENT

'BACK-UP' DANSERS
OUDISIES

22 JUNIE 2026
13:00 - 14:30

IN DIE SKOOLSAAL



RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

RGT
RYNIES GOT TALENT

Help ons om talent te laat skitter!

Ons nooi individue, ouers en plaaslike besighede uit om hierdie opwindende geleentheid te ondersteun.

WAAROM BORG?

- ✓ Ondersteun jong Rynie-talent!
- ✓ Plaaslike besighede kan erkenning ontvang tydens die geleentheid en in kommunikasie waar toepaslik.

WAT KAN GEBORG WORD?

- 🎵 Kontantbydraes
- 🎵 Geskenkbewyse
- 🎵 Pryse vir weners
- 🎵 Koeldrank / verversings
- 🎵 Drukwerk en dekor
- 🎵 Enige ander donasies

ENIGE BYDRAE HELP ONS OM:

- ✨ Pryse te voorsien
- ✨ Die klanktoerusting te befonds.
- ✨ Versierings en kostes van die geleentheid te ondersteun.
- ✨ 'n Onvergeetlike ervaring vir ons leerders te skep.



RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

SNOEPIE SPYSKAART



Maandag, 15 Junie	SKOOL GESLUIT - SKOOLVAKANSIEDAG
Dinsdag, 16 Junie	SKOOL GESLUIT - JEUGDAG
Woensdag, 17 Junie	Wraps
Donderdag, 18 Junie	Boereworsrolle
Vrydag, 19 Junie	"Fully loaded chips"



NASKOOL



LAERSKOOLO RYNFIELD

EKSAMEN

Die eksamen is afgehandel. Baie dankie aan die leerders wat getrou geleer het en die huiswerk /studietyd nuttig gebruik het.

LANDLOOPKAPERJOLLE EN KASKARDAG

11 en 12 Junie. Skool sluit 12:00. Naskool is oop vanaf 12:00.

BELANGRIKE DATUMS

15 en 16 Junie - NASKOOL IS GESLUIT.

NASKOOL SPYSKAART:

DATUM	ETE	15:30 - 16:00
Maandag, 15 Junie	NASKOOL GESLUIT - SKOOLVAKANSIEDAG	
Dinsdag, 16 Junie	NASKOOL GESLUIT - JEUGDAG	
Woensdag, 17 Junie	Tuna-rolletjies	Vrug & sap
Donderdag, 18 Junie	Sop & broodjies	Vrug & sap
Vrydag, 19 Junie	Toe broodjies met smere (keuse)	Vrug & sap





TEN SLOTTE

LAERSKOOLO RYNFIELD



Moenie toelaat
dat 'n mooi vandag
geruineer word deur
slegte gisters nie.

W JANSE VAN RENSBURG
SKOOLHOOF



ADVERTENSIES

LAERSKOOLO RYNFIELD



POP SKOOLUNIFORMS TE KOOP

Vir 17" tot 18" poppe
My Generation Dolls
American Girl Dolls

PRYSE

Skoolrok	R250
Skoolbaadjie	R250
Seunsbroek en hempie	R250
Skoolskoene en kouse	R100

SPEZIALE AANBIEDING

Skoolrok +
Skoolskoene en kouse

R300

Maak reg vir
Graad I
2027

Welkom by
Laerskool
RYNFIELD
GR I

**DROOM
LEER
GLO**

BESTELLINGS
084 210 0632

BELANGRIJK:
Die popklere word
handgemaak.
Dit vat 'n tydjie.
+- 6WEEK

Indien jou kind nie in Laerskool Rynfield skool is nie en jy wil 'n ander skoolrok vir jou pop laat maak. Stuur vir ons 'n skoolrok en ons maak vir jou 'n poprok.

♥ Popskoolrok R200

Bestellings kan afgehaal word by **Laerskool RYNFIELD** kantoor.



ADVERTENSIES

LAERSKOOI RYNFIELD



Benoni

Tina Cowley
Lees terapie




Hoe effektief is jou kind se lees?

Swak en ondergemiddelde akademiese prestasie is meestal agv. ondoeltreffende leesvermoeë.



DOELTREFFENDE LEES...




... verskaf betekenisvolle kennis.

... help dat jy jouself beter uitdruk met beantwoording van begripsvrae.


... verbeter jou geheue, begrip en spelling.

Uiteindelik lei doeltreffende lees tot goeie akademiese prestasie in alle vakke!



KONTAK ONS VANDAG:

082 422 5357
011 844 6055
079 481 5451



DEBBIEJVR66@GMAIL.COM

... om jou kind se volle potensiaal op akademiese vlak te ontwikkel!





ADVERTENSIES

LAERSKOOl RYNFIELD



SAME DAY DELIVERY*

YOUR GARDEN, **DELIVERED TODAY!**



SAME DAY DELIVERY*

Fast, reliable & convenient



WIDE RANGE

Plants, soil, tools & more



SHOP ONLINE

Easy, secure & quick



FROM
R59



WWW.KAZIMINGI.CO.ZA

DELIVERIES IN EAST RAND

*Ts & Cs apply. Orders placed before 12pm. Delivery subject to stock availability and location.



ADVERTENSIES

LAERSKOOLO RYNFIELD





Starlight Caterers

SYLVIO & CHANELLE

Exceptional food for every occasion!

From intimate gatherings to grand celebrations
- we cater with passion and perfection.





PLATTERS



DINNER MEALS



SWEET TREATS



SPITBRAAI




VARIETY OF JUICY BURGERS



VARIETY OF DELICIOUS WRAPS



SOUPS



CAKE POPS

♥ MOUTH WATERING CAKES ♥







Make your special day truly unforgettable! ♥

Please contact us at anyday from
Monday to Saturday
for a quote for your special day



We also deliver to your home
to save you the extra time so you
can focus on something else.

WHY CHOOSE US?

- ✓ Delicious, fresh & beautifully presented food
- ✓ Professional & friendly service
- ✓ Great references available
- ✓ Delivered to your doorstep



GREAT REFERENCES
AS WELL!

*Let us take care of the food,
so you can enjoy the moment!*

PLEASE CONTACT US

Chantelle
📞 073 525 3516

Sylvio
📞 072 262 7753



WE HAVE GREAT REFERENCES AS WELL.